

HOOFSTUK VIII.

ADAMSON EN DIE OPLEIDING VAN LEERKRAGTE.

1. DIE OPLEIDING VOOR 1905.

Die eerste reëlings in verband met die opleiding van onderwysers is in opdrag van die Uitvoerende Raad van die Suid-Afrikaanse Republiek deur die „Algemene Kommissie vir die Onderwys”¹ in 1866 getref.

„Dit bevorder jong mense, na voorafgaande eksamen, tot onderwysers van die eerste, tweede en derde rang.”²

Alle goewernmentsonderwysers moes in besit van 'n onderwysrang wees, wat hier of elders verwerf is en hulle moes lidmate van 'n Protestantse kerkgenootskap wees.³ By aanstelling of rangverlening is voorkeur aan tweetalige onderwysers (Engels en Hollands) gegee, omdat die jeug ook Engels moes leer.

Vir die afneem van onderwyserseksamens het die Algemene Kommissie vir die Onderwys 'n eksamenkommissie⁴ van vyf lede benoem.

Nadat 'n kandidaat deur die Uitvoerende Raad of die Staatspresident toestemming verleen is om 'n onderwyserseksamen af te lê, het die Uitvoerende Raad die eksamenkommissie aangesê om die eksamen in lees, skryf, rekene, algemene geskiedenis, Bybelse geskiedenis, taalkunde, aardrykskunde en pedagogie af te neem. Daar was twee eksamens, een vir die dikstriksonderwysers en die ander een vir hoofonderwysers. Die kandidaat moes van

1. Bestaan uit drie lede wat in besit van 'n wetenskaplike graad en lede van 'n Protestantse kerk moes wees.

Coetzee: Onderwys in Transvaal, 29.

2. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 29.

3. Ibid, 30.

4. Ibid, 32.

goeie lewensgedrag en 'n lidmaat van 'n Protestantse kerkgenootskap wees.

Reeds in 1867 moes die Uitvoerende Raad die Algemene Kommissie vir Onderwys van sy pligte onthef en self die onderwys behartig. Die Uitvoerende Raad het egter soveel werksaamhede van sy eie gehad, dat die onderwys as sodanig deur hierdie reëling nie tot sy volle reg sou kom nie.

Die Burgersonderwyswet⁵ van 1874 het vervolgens in artikels 1 tot 20 onder andere neergelê dat die onderwys verskaf moes word deur hoof-, hulp- en kwekelingonderwysers(esse) wat in besit van 'n onderwysersdiploma was en wat deur die regering aangestel is. In artikels 39 tot 54 word die diensvoorwaardes omskryf, terwyl artikels 73 tot 140 oor eksamens vir onderwysers handel.

Superintendent S.J. du Toit se Onderwyswet, No. 1 van 1882,⁶ het vereis dat onderwysers wetenskaplik bevoeg en ewe-eens lidmate van 'n Protestantse kerk moes wees. „Die bepalinge vir die hoër onderwys” bestaan uit (a) bepalinge vir 'n inrigting van hoëronderwys of normaal-kollege op die setelplek en (b) bepalinge vir 'n kommissie van eksaminatore. Die inrigting vir hoëronderwys, die enigste eintlike staatsskool van die Suid-Afrikaanse Republiek, moes onder andere vir die opleiding van onderwysers sorg en 'n behoorlike, wetenskaplike opleiding binne die bereik van die blanke bevolking bring. Daar sou twee departemente wees, waarvan een die opleiding van onderwysers sou behartig. Die toelatingsvereiste was 'n sertifikaat van bevoegdheid in die gewone vakke van die laer- en middelbare onderwys.

5. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 35 tot 47.

6. Ibid, 48 tot 56.

Die „Kommissie van Eksaminatore," het bestaan uit die Superintendent, die hoofregter en drie lede, wat deur die regering benoem is. Dit moes minstens eenmaal per jaar met die oog op die afneem van eksamens en die uitreiking van sertifikate van bevoegdheid vergader. Daar was twee onderwyser/sertifikate wat volgens die bekwaamheid van kandidate in laer- en middelbare onderwys uitgereik kon word. Hierdie sertifikate van bevoegdheid sou 'n aanbeveling by alle aansoeke wees. In 1886 is die Eksamenkommissie se ledetal tot nege vermeerder en daar is onder andere bepaal dat 'n kandidaat, wat 'n eksamen wou aflê, 'n getuigskrif van goeie gedrag moes voorlê. Aan onderwysers is 'n eerste-, 'n tweede- of 'n derdeklassertifikaat uitgereik. Die peil van die verskillende vakke vir die onderwyserseersteklaseksamen was laer as die van die ooreenstemmende vakke vir die huidige matrikulasie-eksamen. Die skoolleksamen is „Openbare Wedstrijd van Scholen" of ook „Schoolwedstrijdeksamen" genoem. Kwekelinge moes in besit van die sertifikaat van hierdie skoolwedstrydeksamen wees.

Superintendent Mansvelt se Onderwyswet⁷ het die diensvoorwaardes aangaande die onderwysers en die kwekelingonderwysers in artikels 29 tot 40 omskryf. Slegs behoorlik opgeleide onderwysers kon by dorpskole aangestel word, maar met die toestemming van die Superintendent kon onder bepaalde voorwaardes hiervan afgewyk word.

Hierdie bloeitydperk in die onderwys van die Suid-Afrikaanse Republiek is deur die Tweede Vryheidsoorlog versteur en vanaf 1900 het die onderwys in Engelse hande oorgegaan. Onderwysdirekteur E.B. Sargant het die opleiding in die eerste jare van hierdie tydperk soos volg beskryf:

7. No. 8 van 1892.

"Far from wishing to diminish the number of Africander teachers in the schools, the new Administrations took in hand a task which had never been seriously confronted by the Government of either Republic; they set about providing adequate means for training the sons and daughters of the land to be the future teachers in their schools. State Normal Schools in both Colonies were started very soon after the cessation of hostilities, and have become thoroughly popular institutions. In the Orange River Colony the first group of students were admitted on 1st August, 1902, and in the Transvaal on 2nd September of the same year."⁸

Sargant het voortgaande aangetoon dat die hoofdoel van die oprigting van hierdie normaalkolleges die wegdoen van die kwekelingstelsel was, wat ook in Engeland en Skotland as ondoeltreffend bevind is. Die vereiste vir toelating tot die normaalkollege was die matrikulasie- of gelykstaande sertifikaat. Die terugslag en ontwrigting wat deur die Tweede Vryheidsoorlog veroorsaak is, het meegebring dat die aantal applikante vir toelating ver benede verwagting was. Toelatings moes dus op 'n peil laer as die van die eindeksamen van die middelbare skool geskied, terwyl die normaalkollege reëlins moes tref vir voorbereidingsklasse en vakansiekursusse vir diensdoende onderwysers.

Die eerste hoof van die Pretoriase Normaalkollege was John E. Adamson. As latere Direkteur van Onderwys het sy jaarverslae dan ook aangetoon dat hy oor voldoende kennis van die teoretiese en praktiese opleiding van onderwysers(esse) beskik het.

2. WAT MET DIE OPLEIDING BEOOG MOET WORD..

Adamson het in sy aanpassingsleerstelling aan die opvoeder 'n tweeledige oogmerk gestel:

8. Transvaal and Orange River Colony. Public Education: Report of the Director of Education. November, 1900 - February, 1904, 27.

Eerstens moes die kind in die skool leer om sig by die natuur, die kultuur en die sedelike aan te pas:

"The business of the master is directly with the environment and through the environment only, that is indirectly with the pupil. His enthusiasm must be for objective truth and value; The boy's enthusiasm must attach itself to the same objective; he must face away from the master."⁹

Ewe-eens moes Boer en Brit in die verowerde Republiek onder ongunstige na-oorlogse omstandighede leer om hul aan te pas om sodoende tot 'n nuwe volksgroep in die Britse Gemenebes van Nasies te ontwikkel:

"Adjustment to the new order of things must be based on mutual understanding, not by social and political leaders only, but by as large a number as possible of the people themselves."¹⁰

In die tweede plek moes die kind die omgewing leer ken:

"We are heirs of two orders: the mysterious universe of nature and the microcosm of civilisation"¹¹

Aanvanklik verstaan die kind maar min van die dinge wat hy rondom hom waarneem en:

"We must get him out of the fog."¹²

Hy moet 'n waardekennende wese wees wat volgens eie keuse 'n sedelike lewe sal wil lei. Die opgevoede mens is deur Adamson skilderagtig soos volg beskryf:

"..... as a blend of the soul, its setting and its destiny."¹³

Hierdie mistigheid sal by die kind voort bly bestaan as sy lewensuitsig eng en bekrompe bly, want:

9. Adamson: The Individual and the Environment, 344.
10. Ibid, 289.
11. Adamson: External and Essentials, 90.
12. Ibid, 89.
13. Ibid, 93.

"..... a liberal education - the right and privilege of all - means free and active membership of a single universe of reality, and that this implies adjustment to the three orders which reveal and express it."14

Die persone wat hierdie belangrike opvoedkundige werk moes verrig, moes goed onderleg wees in die opvoedkunde. Daarom was dit vir hom noodsaaklik dat hulle die allerbeste opleiding moes geniet.

"Truth can be presented, it cannot be conveyed; the teacher's part is presentation, acquisition must come from the boy's side. Character may shape itself but cannot be moulded."15

Omstandighede is nie 'n vorm waarin die lewe gegiet kan word nie. Die lewe moet self 'n eie vorm skep wat by die omstandighede sal aanpas.

As voornemende onderwysers kennis gedra het van die beginsels waarop ware opvoedkunde berus, sou baie meer pligsgetroue manne en vroue moontlik tot die onderwysberoep toegetree het. Onderwys en opvoeding, wat kennis en karakter by die kind wil inpomp, is net so afstotend vir denkende mense soos dit in beginsel verkeerd is.

3. VERSKAFFING VAN OPLEIDING.

Gedurende die laaste jare van die Suid-Afrikaanse Republiek het die Staatsgimnasium in Pretoria 'n aanvang met die opleiding van onderwysers(esse) gemaak. Na die Tweede Vryheidsoorlog het die Engelse bewind 'n normaalkollege in Pretoria en een in Bloemfontein in die lewe geroep.

Toe Adamson in 1905 Direkteur van Onderwys geword het, was die Pretoriase Normaalkollege by verre na nie in staat om in die behoeftes van Transvaal te voorsien

14. Adamson: The Individual and the Environment, 38.

15. Ibid, 343.

nie. In 1906 is daar byvoorbeeld slegs 19 nuwe leerkragte opgelei, terwyl daar in die jaar reeds 1,234 onderwysers in die 435 skole met 32,360 leerlinge was.

Die tekort aan leerkragte is aangevul deur persone wat hul opleiding elders ontvang het, terwyl baie persone sonder opleiding tot die diens toegetree het. Laasgenoemde leerkragte het die hoop gekoester om deur privaat studie hul bevoegdhede te verbeter.

"The immediate need for teachers makes it necessary to keep this door to the profession open."¹⁶

Dit was hierdie toestand wat Adamson tot daadwerklike optrede aangespoor het. Toe die Pretoriase Normaalkollege in 1906 'n re-unie gehou het, het Adamson, wat ook teenwoordig was, sy profetiese blik hoopvol op die toekoms gerig:

"The Director stated that at the present time eleven per cent. of the teachers in the department had passed through the College, that this would increase to forty per cent. within ten years, and that in approximately twenty years all teachers in the service would have come under the influence of the College life and training."¹⁷

Vanaf 1907 het die Normaalkollege 'n reeks vakansie- en vanaf 1908 ook korrespondensiekursusse vir diensdoende onderwysers ingestel. Vyf-en-sewentig en eenhonderd-en-vyftig leerkragte het onderskeidelik van hierdie aanvullende opleidingsgeleenthede gebruik gemaak.

"These notes are chiefly concerned with the professional work of the college."¹⁸

In 1908 het die Transvaalse Universiteitskollege 'n tak in Pretoria gestig en kon die normaalkollegestudente ook graad- en intermediêre kursusse volg.¹⁹ Dit het die

16. T.O.D. Jaarverslag 1906, 34.

17. Ibid, 37.

18. Ibid 1908, 126.

19. Ibid 1908, 23.

Normaalkollege van sy akademiese verpligtinge onthef en kon daar vanaf 1909 met beroepskundige werk beter vordering gemaak word.

Omdat slegs 'n geringe aantal studente, wat in besit van 'n matrikulasiesertifikaat was, aansoek gedoen het om toelating, moes middelbare voorbereidingsklasse ook op die kollege verskaf word.

Die lys normaalkolleges is in 1909 met die van Johannesburg en Heidelberg aangevul en die aantal aansoeke om toelating sowel as die gehalte van die applikante het 'n mooi verbetering getoon.

"..... I think I am fully justified in saying that as regards the development of a well-qualified teaching staff we have not only made a good start but are well on the road towards the goal."²⁰

Benewens die werk wat deur die opleidingskolleges gedoen is om Transvaal van voldoende opgeleide leerkragte te voorsien, is ook die bevoegdheide van diensdoende onderwysers steeds verbeter deur hulle aan te moedig om privaat te studeer.

Die praktiese opleiding van die studente is verskaf in die skole wat in die nabyheid van die normaalkolleges geleë was. Adamson het hierdie deel van die opleiding as baie belangrik beskou.

"I do not consider that the system of training can be considered satisfactory unless three-fifths of the whole time, that is on an average three school days out of five in every week during the two years, are spent in the schools."²¹

Die opleiding kon egter nie met die aanvraag tred hou nie. Dit was nie moontlik om die aantal normaalkolleges uit te brei nie, aangesien die aantal studente wat in besit van

20. T.O.D. Jaarverslag 1908, 24.

21. Ibid 1910, 54.

'n matrikulasiesertifikaat was en wat kon en wou toetree, nie eers voldoende was vir die drie bestaande normaalkolleges nie. Adamson was dus afhanklik van onderwysers wat op eie koste en verantwoordelikheid van Brittanje en Holland wou oorkom.

"It may be at once said that without the assistance of these recruits we should have been in a sorry plight."²²

Die toestand was so ernstig dat Adamson selfs die moontlikheid oorweeg het om onderwysers te laat invoer.

"Qualified teachers have not been available in sufficient numbers, and I fail to see how they will be available in the near future without importation."²³

Hy het egter nie sy weg oop gesien om die opleidingspeil op grond van die tekort aan onderwysers(esse) te verlaag nie.

"It is thought better to train fewer teachers and train them well, than to turn out larger numbers ill-equipped."²⁴

In 1912 het dit nodig geblyk om die instelling van opleidingskursusse in juniorwerk, handearbeid en kookkuns te oorweeg. Die eerste opleiding is deur die normaalkolleges en die ander twee deur die huishoudskool en die handwerksentrums onderskeidelik verskaf.

Dit sou die ernstige vraagstuk van 'n tekort aan onderwysers(esse) egter nie oplos nie. Hierdie oplossing het Adamson tereg in verbeterde diensvoorwaardes gesien.

Die neiging van baie onderwysers om met slegs 'n universiteitsgraad tot die onderwysberoep toe te tree is steeds deur hom ontmoedig.

22. T.O.D. Jaarverslag 1912, 45.

23. Ibid 1912, 45.

24. Ibid 1912, 46.

"The possession of a full certificate is a condition of admission to the regular teaching staff."²⁵

In 1915 het die normaalkolleges slegs in 17 persent of minder as eenvyfde van die behoeftes voorsien. Gelukkig kon daar gereeld onderwysers(esse) van buite die grense van Transvaal verkry word.

"It is reasonable to assume that service under the Department is attractive, for the steady inflow has now been going on for some years. Without it we should have been in a precarious position."²⁶

In 1916 is daar vir studente aan die Pretoriase Normaalkollege 'n demonstrasieplaasskool²⁷ te Honingnestkrantz in die lewe geroep. Hier kon hulle in die praktyk die loop van sake in 'n klein plattelandse skooltjie waarneem. Proefakkertjies is aangelê en werksaamhede in verband met die skooltuin is in ooreenstemming met die plaasskoolleerplan verrig.

Teen 1918 was die uitbreiding van die onderwys van so 'n aard dat die tekort aan leerkragte eers groot was. Om hierdie toestand die hoof te bied is die regulasie,²⁸ wat onderwyseresse verplig het om by hul huwelik uit die diens te tree, opgehef.

"Under existing abnormal circumstances she may remain in the service under the same conditions as before marriage."²⁹

Daar was vanselfsprekend administratiewe nadele aan die indiensneming van getroude vroue verbonde; dog die uitstaande voordeel was dat hulle moederlike houding teenoor hul leerlinge uit die aard van die saak die kon wees wat

25. T.O.D. Jaarverslag 1913, 24.

26. Ibid 1916, 49.

27. Ibid 1916, 51.

28. 30 Junie 1910. T.O.D. Jaarverslag 1910, 50.

29. T.O.D. Jaarverslag 1917, 44.

op grond van opvoedkundige en kulturele oorwegings, van hulle verlang kon word.

"The linking of the home with the school, the extension of the maternal instinct, cannot but outweigh any possible disadvantages which may exist."³⁰

Die indiensneming van getroude vroue is dus op aandrang van die Onderwysdepartement goedgekeur.

In hierdie jaar is die regulasies, wat in verband met die opleiding van onderwysers gestaan het, gewysig om aan die volgende vereistes te voldoen:

- (i) Om meer kandidate vir die tweedeklassertifikaat te betrek. Van die 248 studente het slegs 12 die tweedeklaskursus in 1918 gevolg.
- (ii) Die derdeklaskursus sou voortaan nie slegs metodiek van onderwys nie maar ook die ontwikkeling van selfstandigheid, insig en vertolking ten doel hê.
- (iii) Met die nuwe regulasies is ook die opleiding van kindertuinonderwyseresse beoog.

In hierdie jaar het die normaalkolleges jaarliks 124 onderwysers(esse) opgelewer, terwyl die Transvaalse Onderwysdepartement 800 nuwe of bykomende aanstellings per jaar moes maak.

"Clearly the normal college supply bears no relation to the demand for teachers."³¹

Hierdie stand van sake het daadwerklike optrede noodsaaklik gemaak. Gelukkig is daar 'n groter toeloop van studente na die normaalkolleges in die nabye toekoms in die vooruitsig gestel. Voortaan moes daar bepaal word hoeveel onderwysers(esse) jaarliks deur die Onderwysdepartement van die normaal- en universiteitskolleges verkry kon word. In 1915, 1916 en 1917 was die aantal leerkragte wat die Onderwysdepartement as noodsaaklik beskou het onderskeidelik 503, 790 en 805.

30. T.O.D. Jaarverslag 1918, 36.

31. Ibid 1917, 54.

Om die jaarlikse toetreding tot die onderwysbe-
roep te bepaal moes daar met die uiterste sorgvuldigheid
te werk gegaan word. Vir die genoemde drie jare was die
gemiddelde syfer byvoorbeeld 703. Die vraag wat toe
ontstaan het was of dit die getal was wat jaarliks beno-
dig sou word en of daar nog steeds 'n toevoer van buite,
soos in die verlede, beskikbaar sou wees? Hierbenewens
moes die normaal- en universiteitskolleges leerkragte vir
alle soorte poste oplei.

"..... we shall need teachers
of all grades the normal
colleges will not meet all our
needs if they only supply us with
third grade teachers."³²

As al hierdie feite in ag geneem word, het
Adamson gemeen dat 'n gereelde jaarlikse toetreding van
400 onderwysers³³ die minimumvereiste sou wees.

Aangesien die derde-, sowel as die tweedeklas-
sertifikate eers oor twee en meer jare verwerf kon word
en die voorsiening van onderwysgeriewe van die finansiële
draagkrag afhanklik was, kon daar met veiligheid op 'n
toetreding van 550 leerkragte beplan word.

Hoe moes hierdie uitbreiding plaasvind? Daar
was slegs drie weë: Die inskrywings aan die bestaande
normaalkolleges kon verhoog word; daar kon nuwe normaal-
kolleges in die lewe geroep word; of deur beide die aan-
tal normaalkolleges en die aantal studente te vermeerder.
Om die 550 ekstra leerkragte jaarliks op te lei, het
Adamson die volgende indeling en reëling vir oorweging
voorgelê:

Aan die Pretoriase, Johannesburgse en Heidel-
bergse normaalkolleges moes daar onderskeidelik 100, 100,

32. T.O.D. Jaarverslag 1917, 55.

33. Ibid, 55.

en 35 meer studente opgelei word. Die stigting van een nuwe kollege wat 115 en twee nuwe kolleges wat elk 100 studente kon oplei. Die laasgemelde twee normaalkolleges moes hoofsaaklik plattelandse leerkragte volgens 'n tweejarige kursus oplei en hulle moes jaarliks om die beurt 'n halfjaar in die praktyk van die plattelandse skool staan en 'n halfjaar aan die kollege lesings ontvang.

Volgens hierdie skema sou daar jaarliks 400 leerkragte opgelei kon word en 200 studente kon gereeld in die skole hulp verleen. Die vereistes vir toelating tot hierdie kursus moes egter tydelik verlaag word.

So 'n skema is met welslae in Amerika toegepas om die tekort aan leerkragte die hoof te bied.³⁴

In 1918 is daar dan ook te Potchefstroom en Ermelo nuwe inrigtings opgerig.

"The centres are intended to prepare teachers for country schools at which an introduction to agriculture is an important constituent of the curriculum."³⁵

Hierdie stap moet egter nie as 'n verlaging van die opleidingspeil beskou word nie.

"It is necessary, however, to state at once, and as emphatically as possible, that it is not the intention to introduce a lower grade of teacher It is a modification of the pupil-teacher system which it is hoped, will avoid its drawbacks;"³⁶

Onder die skema is opleiding verskaf om die derdeklassertifikaat te verwerf.

Die bestaande normaalkolleges moes egter daarna streef om die studentetal te verdubbel, om die aantal wat

34. Rapport: United States Commissioner of Education, 30th June, 1916. (T.O.D. Jaarverslag 1917, 57)

35. T.O.D. Jaarverslag 1918, 39.

36. Ibid 1918, 40.

die tweedeklaskursus gevolg het te vermeerder, terwyl ge-
graduateerdes wat 'n beroepsopleiding aan die een of ander
universiteitskollege geniet het, in die onderwysberoep
betrek moes word. In dieselfde asem het hy gewaarsku
teen die toenemende gebruik van dood tevrede te wees met
slegs 'n akademiese graad, want 'n beroepsopleiding was
vir hom net so noodsaaklik soos 'n akademiese opleiding.

"It should be obvious that
until professional orientation is
also sound, until a man has thought
over the meaning and purpose of
education, the problems of organi-
zation, the special opportunities
and special difficulties which the
individual subjects of the curricu-
lum present, their logical and phi-
losophic bases, and the possibili-
ties of individual pupils as esta-
blished by psychological inquiry,
without some such training of this
kind, it is impossible to claim
membership of a profession."³⁷

Daar is vir die onderwyserseersteklaseksamen
vanaf 1919 aan die Universiteitskollege van Johannesburg
voorsiening gemaak. Vanaf 1921 is die inrigtings in
Potchefstroom en Ermelo ook tot die volle status van nor-
maalkolleges verhef.

Aan die einde van sy ampstermyn het Adamson hom
soos volg hieroor uitgelaat:

"..... it may without exagge-
ration be said that the position
with regard to the training of
teachers has never been so satis-
factory before, from the point of
view both of numbers and courses."³⁸

Die opleidingsgeriewe van 1923/24 het onder
andere bestaan uit die verskaffing van beurse aan voor-
nemende leerkragte. By drie van die vyf normaalkolleges
kon universiteitskursusse gevolg word. Benewens 'n
vierjarige kursus aan die universiteite is opleiding in

37. T.O.D. Jaarverslag 1919, 10.

38. Ibid 1923, 36.

bepaalde vakke soos handewerk, kookkuns en kleinkinderwerk verskaf. Aan die 671 studente wat in 1924 hul opleiding ontvang het, is soos aan hul voorgangers, praktiese onderrig in die skole verskaf.

In die jaar het 250 leerkragte hul opleiding aan die kolleges voltooi en dit het slegs die helfte van die verlangde aantal verteenwoordig.

4. KEURING EN TOEVOER.

Omdat die aanvraag steeds groter as die aanbod was, was daar nie veel ruimte vir strenge keuring nie. Adamson het onder omstandighede daarin geslaag om sy standpunt te handhaaf deur die vereistes vir toelating tot die opleidingskolleges hoog te stel, voldoende eie opleidingsgeriewe te verskaf, kandidate uit eie bodem aan te moedig om tot die onderwysberoep toe te tree en deur leerkragte van buite slegs na rype oorweging aan te stel.

(a) Keuring.

Die groot tekort aan opgeleide leerkragte het Adamson voor die vraag te staan gebring of die onderwys slegs in geringer omvang met die beskikbare leerkragte ontgin moes word, of die res van die ontginningsgebied braak moes lê totdat voldoende geriewe beskikbaar was, of alle leerkragte, afgesien van onvoldoende opleiding, ingespan moes word om die verlangde dienste, hoewel nie op peil nie, te verskaf? Hierop het hy soos volg geantwoord:

"These boys and girls cannot be left uneducated, for if they do not go forward they will go backward. And this is always to be remembered, that the acquisitive instinct is normally strong and the moral instinct normally sound in the young, so that much good may come even from a school in which the presentation of facts is faulty,

the organisation imperfect, and the basis of order and discipline inadequately conceived."³⁹

Sy beleid in verband met keuring van studente was dat 'n halwe eier beter as 'n leë dop is. Die opgeleide leerkragte is volgens hoë toelatingsvereistes gekeur, terwyl die wat buite die keuringsbeleid geval het, slegs in diens geneem is totdat beter opgeleide leerkragte beskikbaar sou wees. In die tussentyd het hy aandag bestee aan 'n eie opleidingskema waarvolgens daar uiteindelik 'n volwaardige onderwyspersoneel sou wees. Aanvanklik is die vereistes vir toelating tot die normaalkolleges op 'n matrikulasiesertifikaat vasgestel. Na 1910 was die uitbreiding en toevoer reeds so normaal, dat daar neergelê kon word dat onderwyseresse, wat in die huwelik getree het, moes bedank.

"There is no doubt that it is a desirable rule."⁴⁰

In hierdie jaar was die toeloop tot die normaalkolleges so bemoedigend dat hy voorlopig die matrikulasiesertifikaat as toelatingsvereiste ook daarna gehandhaaf het.

"At present those who have not reached the matriculation standard at entrance have to spend one year in bringing their general education up to that standard."⁴¹

Hierdie studente wat uit sowat 50 persent bestaan het, sou voortaan as daar voldoende matrikulante beskikbaar was, nie in aanmerking geneem word nie. Voorts sou die matrikulante, wat toelating verlang het, eers vir ses maande in bepaalde skole deurbring. Hierdie stap is gedoen om die studente ervaring in die werklike skooltoestande te laat opdoen, voordat hulle met hul opleiding begin het. Leerlinge wat regstreeks van die middelbare

39. T.O.D. Jaarverslag 1907, 20.

40. Ibid 1910, 50.

41. Ibid 1910, 54.

skole toegelaat is het getoon dat hulle nie soveel voordeel uit die teorie en praktyk van die onderwys geput het as wat dit die geval kon gewees het as hulle meer ervaring van die praktiese onderrig opgedoen het nie.

"Moreover, a probationary period will make it possible to weed out those candidates who show no aptitude, or feel no vocation, for the profession."⁴²

Dit was 'n geslaagde keuringsbeleid, want as staatsgeld aan leerkragopleiding goed bestee moes word, was 'n mate van natuurlike aanleg net so belangrik soos die opleiding self.

Die halfjaar proefonderwys in die skole het 'n tweeledige doel beoog:

"It will enable the candidate to gain some experience of the work, and it will enable the Department to form a preliminary judgment about his or her fitness."⁴³

Gedurende hierdie tyd is daar in vakke soos lees, skryf, teken en swartbordwerk toetse gegee en gedurende die proefperiode kon kandidate hulle aandag aan die vakke wy om meer vaardigheid te beoefen.

Leerkragte wat sonder beroepsopleiding tot die onderwys toegetree het, het nie in die diensvoorwaardes van die Onderwysdepartement se vaste personeel gedeel nie. 'n Onderwyserssertifikaat was 'n vereiste vir 'n vaste aanstelling en onderwysers(esse) wat nie in besit daarvan was nie kon nie op vakansieverlof, siekteverlof vir meer as 'n maand, aftreetoelae, ens. aanspraak maak nie. Hierdie voorwaardes was inderwaarheid 'n ander vorm van keuring.

"In the normal case, admission to the regular staff with its

42. T.O.D. Jaarverslag 1911, 16.

43. Ibid 1911, 16.

attendant privileges should never be permitted until a professional certificate has been gained."⁴⁴

Aangesien die aantal aansoeke om toelating tot die normaalkolleges egter nooit in die aanvraag voorsien het nie, is daar na 1917 besluit om die toelatingsvereistes laer as die matrikulasiesertifikaat te stel en daar is bepaalde voorbereidingsklasse gestig om persone wat aansoek gedoen het om toelating tot die normaalkolleges voor te berei. Op die wyse is twee oogmerke bereik: Die geskiktheid van die applikante is getoets en 'n groter toeloop na die normaalkolleges is moontlik gemaak.

Hoewel Adamson op die wyse 'n groter toeloop beoog het, sonder om die opleidingsvereistes te verlaag, het alle pogings van hom nog steeds in die skaduwee van tekorte gestaan:

"Clearly the ideal - no certificate without training - is a long way off."⁴⁵

Dit het 'n strenger keuring in die wiele gery.

(b) Toevoer.

In sy jaarverslag van 1904⁴⁶ vind ons die volgende klassifikasie van Transvaalse onderwysers(esse):

Suid-Afrika ⁴⁷	417	Kanada	17
Engeland	260	Holland	40
Skotland	96	Duitsland	9
Ierland	16	Rusland	2
Wallis	16	V.State van Amer.	2
Australië	24	België	1
Nu-Zeeland	23	Denemarke	1

Daar was 417 Suid-Afrikaanse leerkragte teenoor 507 van elders.

Adamson se eerste jaarverslag beklemtoon die feit dat die toevoer van leerkragte een van die grootste

44. T.O.D. Jaarverslag 1913, 24.

45. Ibid 1921, 43.

46. 6 tot 8.

47. Uit die 417 van Suid-Afrika was 7 gekleurde onderwysers in nie-blanke skole.

vraagstukke is en dat die saak slegs deur beter diens-voorwaardes opgelos kon word.⁴⁸

Daar moes egter steeds teen engheid en bekrompenheid gewaak word, want hoewel die waarde van Suid-Afrikaanse leerkragte, wat die aard en gees van die land en volk verstaan het, bekend was, moes daar steeds ruimte gelaat word vir -

"..... a steady inflow, however, small, of English, Scotch and Irish teachers"⁴⁹

Met die oog op plaaslike toevoer het hy hom tot die middelbare skole gewend om 18-jariges, wat die eindeksamen van die middelbare skool afgelê het, te vra om 'n eenjarige beroepskursus aan die normaalkolleges te volg. Hierbenewens was daar die toevoer van leerkragte wat in die ander provinsies opgelei was en wat op eie inisiatief en verantwoordelikheid na Transvaal gekom het.

Tekorte moes egter uit die geledere van onopgeleide persone ook aangevul word.

In 1905/6 was die onderwyspersoneel volgens hul opleiding soos volg saamgestel:

Onderwyserstweedeklassertifikaat:	239
Onderwysersderdeklassertifikaat:	376
Voorlopige sertifikaat:	400
	<u>1,015</u>

Adamson het sy ampstermyn dus met 'n tekort van 400 opgeleide leerkragte begin. Aangesien die welslae of mislukking van sy onderwysstelsel grotendeels van die toevoer afgehang het, het hy hierdie saak in 'n ernstige lig beskou.

"It goes without saying that the secret of success or failure lies here. You may have the best administrative machinery, the best

48. T.O.D. Jaarverslag 1906, 33.

49. Ibid 1906, 33.

school buildings, and a Government liberally-minded towards education, but after all, the school is the teacher and the teacher is the school; and on the vigour and success with which the question of the supply of teachers is tackled will depend the healthy life of the system."⁵⁰

Hierbenewens het hy gemeen dat die diensvoorwaardes sodanig moes wees dat die onderwysers(esse) nie geneë sou voel om hul beroep neer te lê nie.

"What is needed is a staff of teachers of high professional standing and long professional life."⁵¹

In die opsig het toestande in Transvaal nie veel te wense oorgelaat nie en dit moet miskien daaraan toegeskryf word dat die toeloop daarheen so gereeld was. Die verwagting was dat namate die diensvoorwaardes meer en wyer bekend sou word, die toevoer ook steeds gunstiger sou verloop.

In 1912 kon die drie normaalkolleges slegs 121 uit 'n benodigde 444 leerkragte oplewer.

Die gereelde toevoer van onderwysers van elders het gedurende die Eerste Wêreldoorlog ook afgeneem.

"..... the combination of expanding requirements and a shrinking revenue produces an inevitable result."⁵²

Stafskale moes noodwendig ingeperk word en opleidingsgeriewe kon nie uitgebrei word nie. In 1915 het die normaalkolleges slegs 86 leerkragte van die 503 opgelewer; die res moes met getroude vroue en leerkragte van ander dele van die Unie en van oorsee aangevul word.

"..... without them we should be in a difficult position - in fact it would be impossible to fill the vacancies;"⁵³

50. T.O.D. Jaarverslag 1907, 18 tot 19.

51. Ibid 1908, 22.

52. Ibid 1915, 27.

53. Ibid 1914, 33.

Die buitengewone tekort is ook veroorsaak omdat daar in 1914 36 onderwysers, wat aan die Rebelle deelgeneem het, ontslaan is en omdat 'n aantal onderwysers aangesluit en saam met die regeringstroep aan die oorlog deelgeneem het.

"..... it is necessary to put on record the painful fact that certain teachers were so misguided as to associate themselves with the rebellion."⁵⁴

Oor die tweede groep van 130 onderwysers wat in 1915 in oorlogsdienst was, het hy hom egter soos volg uitgelaat:

"Of course, it is recognized that the absence of these men must mean a temporary loss of efficiency, but the sacrifice was imperative in view of the greater call."⁵⁵

In die jaar is tien van die 130 as dood en sewe as gewond aangegee:

"We honour the dead and record our deep sympathy with their relatives."⁵⁶

In 1917 is die diensvoorwaardes⁵⁷ verder verbeter. Dit het dadelik 'n uitwerking ten goede gehad, want in 1918 kon daar reeds aan beter kwalifisering gedink word en op 1 Julie 1919 kon daar nuwe salarisskale⁵⁸ in werking gestel word. In 1920 was daar 4,599 diensdoende onderwysers(esse) in Transvaal waarvan 69.2 per sent as ten volle opgeleide beskou kon word.

In 1920 is 15 leerkrigte uit Engeland ingevoer om in Engelsmediumskole op te tree.

"The supply has now been stopped,"⁵⁹

omdat dit die beleid was om leerkrigte plaaslik op te lei.

54. T.O.D. Jaarverslag 1914, 33.

55. Ibid 1915, 31.

56. Ibid 1916, 46.

57. Ibid 1917, 33 tot 44.

58. Ibid 1920, 29 tot 42.

59. Ibid 1920, 45.

"Generally it may be claimed that the Province is leaving no stone unturned to provide a supply of locally-trained teachers, and to make their training of the best kind."⁶⁰

In 1921 het nie minder as 403 leerkragte van die ander provinsies na Transvaal oorgekom nie. Hierdie oorkoms moes nie net aan die beter diensvoorwaardes van Transvaal toegeskryf word nie.

"Something must no doubt be allowed for the spirit of restlessness and adventure, and perhaps for the fascination of the North."⁶¹

In hierdie jaar is ook besluit om leerkragopleiding nie langer gratis te verskaf nie. Studente moes voortaan hul universiteits- sowel as 'n deel van hul losiesgelde betaal.⁶²

In 1922 moes daar op grond van geldskaarste bespaar word: die aantal leerlinge per onderwyser is andermaal vermeerder; leerlinge benede sewe jaar oud is nie toegelaat nie; die aflospersoneel is afgeskaf en die salarisse van leerkragte is met 5 persent verminder. Die gevolg hiervan was dat die 5,064 personeellede in 1922 met slegs 17 lede in 1923 vermeerder het.

Aan die einde van sy ampstermyn kon hy effens agteroorleun en sê:

"Perhaps the most striking feature of the 1923 recruits is the largely increased extent to which the Province has been self-supporting."⁶³

5. VERSKEIDENHEID VAN OPLEIDING.

Die verskeidenheid en omvang van die opleiding van onderwysers(esse) staan in noue verband met die eise

60. T.O.D. Jaarverslag 1920, 49.

61. Ibid 1921, 41.

62. Ibid 1923, 35.

63. Ibid 1921, 47.

van die onderwysstelsel. Hoe hoër die kultureel-sedelike peil van 'n gemeenskap, hoe hoër sal die eise wees. Wat byvoorbeeld in 1905 as voldoende en toereikend beskou is, sou bepaald nie aan die eise van 1950 kon voldoen nie.

Vir alle vereistes van laer- en middelbare onderwys moes volgens hul voorgeskrewe leerplanne voorsiening gemaak word en moes die opleidingskursusse onder andere ook kindertuinwerk, handearbeid, kookkuns, handelsopleiding, onderwys vir afwykende kinders, e.d.m. insluit.

"..... it is obvious that the courses for teachers must be in a considerable measure modelled upon the curriculum of the schools."⁶⁴

In Mei 1911 is 'n ooreenkoms met die „Board of Education,” Londen, getref om 'n naamlys op te stel van leerkragte, wat in bepaalde vakke in hoërskole en in normaalkolleges handearbeid, kookkuns, kindertuinwerk en liggaamsopvoeding opleiding kon verskaf en wat bereid sou wees om na Suid-Afrika te kom. Die skole was op geen wyse genoodsaak om hierdie persone aan te neem nie, aangesien hulle op die gewone wyse moes aansoek doen om betrekkinge.

"This step is, in my opinion, both wise and necessary."⁶⁵

Die afwesigheid van 'n sentrale eksamenliggaam wat alle opleiding kon beheer was bepaald 'n groot leemte. Hierbenewens het die regulasies in verband met die onderwyserseersteklaseksamen nie altyd met die van die derde- en tweedeklaseksamen van die Transvaalse Onderwysdepartement ooreengekom nie. 'n Eersteklassertifikaat kon onder andere verwerf word sonder om eers 'n Provinsiale tweedeklaseksamen af te lê. Die studente kon voorts slegs kursusse vir graaddoeleindes volg en 'n eenjarige

64. T.O.D. Jaarverslag 1909, 17 tot 18.

65. Ibid 1911, 20.

66. Ibid 1911, 19.

beroepsopleiding ontvang om die onderwyserseersteklassertifikaat te behaal. Ouer leerkrigte wat die derde- en tweedeklaseksamen afgelê het, het moeilikerwyse vanweë hulle ansiënniteit vir sodanige jong leerkrigte plek gemaak. Volgens Adamson moes 'n eersteklassertifikaat eers na rype onderwyserervaring aan 'n onderwyser toegeken word.

Opleiding vir kleuterwerk vir damesstudente is aan die Johannesburgse Normaalkollege onderneem terwyl aan die Pretoriase Normaalkollege navorsingswerk in verband met sielkunde onderneem is. Aanvanklik is huishoudkunde deur leerkrigte van oorsee onderrig. Sedert 1914 kon voornemende kookkunsonderwyseresse 'n tweejarige kursus volg aan die skool vir huishoudkunde in Johannesburg.

"It was possible to post all of them within a very short time to all the various cookery centres."⁶⁷

Leerkrigte vir die ambagskole moes uit geskoolde ambagsmanne, wat bereid was om onderwys te gee, betrek word. Die gewone klaswerk moes in sulke gevalle natuurlik deur gewone leerkrigte behartig word. In 1919 kon in Suid-Afrika geen geskikte hoof vir die Tegniese Skool van Johannesburg gevind word nie en is verlof toegestaan om 'n man in Engeland te werf.⁶⁸

Handearbeid, veral op die platteland, moes behartig word deur gewone onderwysers, wat 'n kursus in handearbeid aan die normaalkolleges en in verskeie gevalle 'n leerjongenskursus aan bepaalde handwerkinrigtings deurloop het.

Die personeel vir die voortsettingsklasse is uit die dagskoolleerkrigte saamgestel, wat onder andere

67. (i) T.O.D. Jaarverslag 1916, 53.

(ii) Report of the Education Commission, 1920, 53. No. 335.

68. T.O.D. Jaarverslag 1919, 29.

ook ernstige aandag aan buitemuurse bedrywighe moes bestee.

"Social and sports clubs and social activities are an essential complement to instruction for this type of pupil."⁶⁹

Opleiding in bepaalde rigtings het volgens Adamson nie 'n spesiale inrigting regverdig nie. Hy was die mening toegedaan dat die opleiding volgens 'n stelsel van leerlingonderwyser of 'n leerjongenskursus verskaf kon word.

"It would seem to be better to approach the problem of these special teachers in this way by a species of pupil-teacher or apprenticeship than by the establishment of any special training institution."⁷⁰

6. KWALIFIKASIES.⁷¹

Die onderwysers(esse) wat in 1905 in diens van die Transvaalse Onderwysdepartement was het van byna alle Engels- en Hollandssprekende dele van die wêreld gekom en hul sertifikate was net so uiteenlopend van aard as die lande vanwaar hulle gekom het.

Dit was Adamson se moeilike taak om die verskillende sertifikate en geloofsbriewe te klassifiseer ooreenkomstig die kwalifikasies wat deur die Transvaalse Onderwysdepartement neergelê en aanvaar is.

"The professional status of the existing teachers has been in almost all cases fixed, and I think, speaking generally, satisfactorily fixed."⁷²

Hierdie klassifikasie het aan die lig gebring dat daar selfs in Suid-Afrika 'n groot verskeidenheid van sertifikate bestaan het.

69. T.O.D. Jaarverslag 1921, 24.

70. Ibid 1912, 50.

71. "Interim Report of the Education Commission, 1917," 2 tot 4, items 3 tot 4.

72. T.O.D. Jaarverslag 1907, 21.

"In order to get over this very serious difficulty and fix upon a professional passport which would be credited throughout South Africa, I recently drew up a scheme for three grades of South African Certificates and submitted it to a meeting of heads of Education Departments at Cape Town."73

Indien hierdie skema op Uniale grondslag aanvaar sou word, sou die vereistes vir die Transvaalse derde- en tweede- klassertifikate slegs geringe wysigings moes ondergaan.

Toelatingsouderdom.	Ervaring alvorens kandidaat eksamen kon skryf.	Metode van voorbereiding.	V E R E I S T E S .	
			Algemene of Akademiese	Beroeps-
18 jaar	Twee jaar	Privaat of Kollege	(a) Derde <u>klas.</u> Matrikulasie.	Skoolvereistes: Lees, swartbordwerk, teken, sang, naaldwerk. Praktiese onderwys. Tegniese kennis van klasbeheer.
20 jaar	Twee jaar. 1 voor en 1 jaar na opleiding.	Privaat of Kollege	(b) Tweede <u>klas.</u> Intermediêre B.A. of B.Sc.	(a) Derdeklassertifikaat. (b) Kennis van sielkunde, fisiologie, etiek. (c) Onderwysmetodes. (d) Organisasie en dissipline. (e) Ander toetse in praktiese onderwys.
25 jaar	Vyf jaar	Privaat of Kollege	(c) Eerste <u>klas.</u> Universiteitsgraad.	(a) Die doel van onderwyslogika en etiek. (b) Onderwysgeskiedenis. (c) Vergelykende studie van 'n Suid-Afrikaanse onderwysstelsel en een buite Afrika. (d) Onderwysorganisasie en -metode. (e) Praktiese onderwys.

Hierdie skema is deur die Raad van Onderwys vir die Transvaal aanvaar en die nodige regulasies is opgestel. Adamson het die hoop gekoester dat leerkragte wat in besit van die tweedeklassertifikaat was, hul vir die eersteklas sou bekwaam.

"This will imply a notable advance in professional standing."⁷⁴

Hy het hierdie regulasies as van die belangrikste in baie jare beskou, omdat daarvolgens voorsiening gemaak is vir 'n opleiding ooreenkomstig die vereistes van die skoolleerplanne en omdat die grondbeginsels waarop dit berus het opvoedkundig was.

"There are to be three grades of certificate, those of the third, second, and first class, representing, respectively an empirical, a scientific, and a philosophical acquaintance with the aims and methods of sound teaching."⁷⁵

Hierdie regulasies het voorts die regte belangstelling van die kant van die onderwyspersoneel beoog, waardeur die gevare van onderwys as 'n meganiese lewensgewoonte vermy kon word.

"Codes and machinery are insignificant in comparison with a body of professionally alert teachers. It is the spirit that giveth life."⁷⁶

Hoewel 'n eenvormige stelsel nog nie vir Suid-Afrika allerweë aanvaar kon word nie, het hy tog 'n skema opgestel waarvolgens die sertifikate van leerkragte van die ander provinsies maklik by die van Transvaal ingeskakel kon word. Hy het ook die Transvaalse leerkragte teen toeloop van buite beskerm:

"It cannot be permitted that candidates from other Colonies shall take precedence of candidates trained in the Transvaal."⁷⁷

Volgens hom is daar, afgesien van natuurlike aanleg, drie omstandighede wat tot beroepsbevoegdheid bydra:⁷⁸

(i) Bepaalde opleiding aan 'n normaalkollege.

74. T.O.D. Jaarverslag 1908, 24.

75. Ibid 1909, 18.

76. Ibid 1909, 18.

77. Ibid 1909, 19.

78. Ibid 1909, 21.

- (ii) Die bestudering van beroepsvakke soos vir onderwyserseksamens voorgeskryf.

(iii) Ervaring.

Toe hy die eerstejaar studente in 1909 getoets het, was sy bevinding dat 75 persent van hulle nie 'n bepaalde opleiding geniet het nie, dat 50 persent geen beroepseksamen afgelê het nie en dat 50 persent feitlik geen ervaring opgedoen het nie. Hierdie onderwysers is hoofsaaklik by plattelandse skole aangestel en was dus van alle verdere opleidingsgeriewe verstoke.

In 1917 is die regulasies in verband met die opleiding van onderwysers andermaal ooreenkomstig bestaande vereistes gewysig en uitgebrei,⁷⁹ omdat daar op grond van die ou regulasies nie voldoende aansoeke om toelating tot die tweedeklasopleiding ontvang is nie, terwyl die regulasies in verband met die derdeklasopleiding, wat kulturele aangeleenthede betref, uitgebrei is. Die ou regulasies het ook nie voorsiening gemaak vir die opleiding in kleuterwerk nie.

Volgens die nuwe regulasies sou dit nie langer nodig wees om eers die derde- en daarna die tweedeklas-kursusse te deurloop nie. Studente kon voortaan regstreeks vir die tweedeklassertifikaat opgelei word.

In 1919 het die gekombineerde stelsel van beroeps- en akademiese opleiding aan die normaalkolleges en universiteite in Pretoria en Johannesburg 'n geslaagde proefneming geblyk te wees.⁸⁰

Aan die Universiteit Witwatersrand is ook 'n nagraadse kursus vir die onderwyserseersteklassertifikaat ingestel. 'n Redelike aantal mans en vrouens en veral diensdoende onderwysers het vir hierdie eksamen ingeskryf.

79. T.O.D. Jaarverslag 1917, 52.

80. Ibid 1920, 47 tot 49 en 1921, 43 tot 46.

Daar moes trots al hierdie opleidingsgeriewe nog steeds van die dienste van te veel onopgeleide leerkragte gebruik gemaak word. Vir alle skole was daar in 1920 slegs 69.2 persent opgeleide onderwysers. Die verspreiding van die opgeleide personeel was toe soos volg:

Normaalkolleges en middelbare skole: 91.5 persent.
 Laerskole {stedelike gebiede): 79.3 persent.
 Laerskole {platteland): 50.0 persent.

Op die platteland was die toestand dus ernstig en die redes daarvoor skyn te wees dat die beter opgeleide onderwysers na die dorpe verhuis het, omdat hulle daar beter geleenthede gehad het om hul kwalifikasies te verbeter.

In 1920 en 1921 is die onderwyspersoneel volgens hul opleiding soos volg geklassifiseer:

SERTIFIKATE.	1920.		1921.	
	Aantal onderwysers.	Persentasie.	Aantal onderwysers.	Persentasie.
Eersteklas-	71	2.3	112	3.3
Tweedeklas-	1,142	37.3	1,227	35.7
Derdeklas-	1,843	60.3	2,098	61.0

Adamson het egter melding gemaak van merkbare belangstelling van die kant van die onderwyspersoneel om hul akademiese en beroepskwalifikasies te verbeter.

"And an earnest and widespread effort to do so, both by private study and by taking advantage of the opportunities which university colleges are now offering, can be recorded."⁸¹

In 1923 was 78.6 persent of sowat viervyftes van die onderwysers in besit van 'n onderwyserssertifikaat.

Sertifikate.	Aantal onderwysers.	Persent.
Eersteklas-	143	3.6
Tweedeklas-	1,397	35.7
Derdeklas-	2,368	60.6

Die universiteite en die normaalkolleges het egter alles in die werk gestel om die nodige opleidingsgeriewe te verskaf.

"There can be no doubt that this linking up of the training colleges with the universities is sound from every point of view The wider culture and wider contact which the universities can offer are absolutely essential for success in a profession where the constant quickening of intellectual and social interests counts for so much. Also, professional studies alone are apt to become dry bones."⁸²

Aan die einde van Adamson se ampstermyn het daar in Transvaal vier beroepssertifikate met 'n akademiese agtergrond bestaan.

<u>Sertifikate.</u>	Duur van opleiding na die eindeksamen van die middelbare skool.
Onderwysersderdeklas-	2 Jaar.
Onderwyserstweedeklas-	3 Jaar. (Sonder graad)
Onderwyserstweedeklas-	4 Jaar. (Met graad)
Onderwyserseersteklas-	4 Jaar. (Met graad en een-en-'n halfjaar nagraadse werk.)

Bogenoemde kursusse het in bepaalde gevalle ook nog voorsiening gemaak vir opleiding in junior werk, houtwerk en kookkuns.

7. BEKOSTIGING.

"In accordance with common practice, the Government undertakes the whole cost of training."⁸³

82. T.O.D. Jaarverslag 1923, 36 tot 37.

83. Ibid 1906, 125.

Die noodsaaklikheid van gratis beroepsopleiding aan onderwysers(esse) was 'n saak wat reeds destyds deur opvoedkundiges oor die hele wêreld voorgestaan is. Dit het egter toe nog nie allerweë die staatsteun geniet wat dit verdien het nie. In Transvaal is die instelling van gratis leerkragopleiding in 1902 aan die heer E.B. Sargant te danke.⁸⁴

In 1906/7 was die uitgawe per student soos volg:

Losies, wasgoed en diens:	£45
Opleidingskoste:	£31
Ander uitgawes:	<u>£ 4</u>
	<u>£80</u>

"Against this the Government can claim, under penalty of a refund of the cost of training, the services of each student in Government schools, for a period of two years."⁸⁵

Dit wil sê, omdat die staat vir die opleiding verantwoordelik was, moes die student die staat vir 'n vasgestelde tydperk dien.

"The guarantee is not required in the case of the normal college bursary, because the training of teachers is considered to be a necessary State function, and moreover the State gets a quid pro quo in teaching service which the student contracts to give in public schools when the period of training is completed."⁸⁶

Solank soos die aanvraag die aanbod oorskry het, was die staat verplig om voornemende leerkragte deur gratis opleiding te lok en hul daarna vir 'n bepaalde tydperk te behou.

"At present all this is being done free of tuition or boarding fees. The Province is thus shouldering a heavy annual expen-

84. T.O.D. Jaarverslag 1906, 125.

85. Ibid 1906, 125.

86. Ibid 1918, 24.

diture in order to equip its schools with qualified teachers."87

In 1915 was die toestand egter nog nie heeltemal bevredigend nie.

"..... qualified candidates are not always forthcoming and the amount available for their training is limited."88

In 1921 het toestande dermate verbeter dat 'n deel van die losies- en kollegegelde op rekening van die studente geplaas kon word. Hierdie rentelose leningsbeurse is maandeliks gedurende die eerste diensjare van die onderwyser(es) deur hulle terugbetaal.

8. OPLEIDINGSGERIEWE VIR NIE-BLANKE ONDERWYSERS.

Daar moes voorsiening gemaak word vir die opleiding van onderwysers vir die kinders van Asiate, kleurlinge en naturelle. Om administratiewe-doeleindes is die eerste twee groepe onder die onderwys vir blankes ingeskakel terwyl daar aan naturelle-onderwys 'n jaarlikse staatstoewysing toegeken is. Hierdie skole en inrigtings is deur die onderskeie sendelinggenootskappe gestig en beheer.

(a) Indiër- en kleurlingonderwys.

Die onderwys aan Indiërs en kleurlinge is soos die aan blanke kinders deur die Departement beheer en bekostig. Dit het ook onder beheer van die onderskeie skoolrade gestaan. Aanvanklik is blanke onderwysers by hierdie skole aangestel.

In 1917 is Indiërleerkragte nog ingevoer, terwyl kleurlinge na die ander Provinsies moes gaan vir hul opleiding. In 1918 is daar egter 'n middelbare skool vir kleurlinge in Vrededorp, Johannesburg, gestig.

87. T.O.D. Jaarverslag 1920, 49.

88. Ibid 1915, 35.

"This department is to serve two purposes. The first and most important is the preliminary training of teachers."⁸⁹

In 1923 het die Uitvoerende Komitee besluit om blanke onderwysers deur kleurlinge in kleurlingskole te vervang namate daar vakatures ontstaan het.

In 1923 was daar in Transvaal 22 kleurlingskole en vyf Indiërskole met onderskeidelik 3,770 en 601 leerlinge.

(b) Naturelle.

As daar 'n tekort aan blanke opgeleide leerkragte was, dan was dit nog meer die geval met nie-blanke onderwysers.

Die opleidingskole was in die hande van verskeie sendelinggenootskappe wat staatssteun ontvang het. Hierdie inrigtings het nie altyd suiwer opvoedkundige ideale nagestreef nie; maar hulle het hul godsdienstige ideale deur die opgeleide nie-blanke leerkragte probeer verwesenlik.

Vir opgeleide sowel as onopgeleide leerkragte is vakansiekursusse gereeld nodig geag en gereël.⁹⁰

Van 'n groot totaal van 310 leerkragte wat in 1906 aan naturelle-skole verbonde was, was daar vyf blankes wat aan die opleidingskole te Kilnerton en Lamana werksaam was en van die orige 305 naturelle-onderwysers was slegs 61 opgelei.⁹¹ Hierdie nie-blanke onderwysers(esse) was dikwels so swak dat die kinders wat aan hul sorg toevertrou is, nie kon vorder nie. Die opleidingskole het jaarliks so 'n geringe aantal leerkragte opgelei, in 1909 was die inskrywing by die vier staats-

89. T.O.D. Jaarverslag 1918, 49.

90. Te Kilnerton, Lemana, Pietersburg en Bothsabelo naby Middelburg.

91. T.O.D. Jaarverslag 1918, 49.

ondersteunde inrigtings slegs 144, dat die onderwys van natuurlike feitlik 'n onmoontlike taak geword het.

Hierdie toestand het die Onderwysraad genoop om 'n studie van die hele aangeleentheid te maak⁹² om nuwe regulasies, beter geldelike steun en nuwe leerplanne te oorweeg.

Adamson het die aandag van die opleidingskole daarop gevestig dat die geldelike steun wat deur die staat in belang van die opvoeding en die opleiding toegesê is, slegs vir daardie bepaalde doel aangewend moes word.

"It is altogether erroneous to suppose that grants may be diverted for specific religious or political purposes."⁹³

In 1916 is die nuwe leerplanne ingevoer en is daar te Kilnerton en Bothsabelo voorsiening gemaak vir vakansiekursusse vir opgeleide onderwysers.

"New subjects, new principles and new methods were fully explained and illustrated."⁹⁴

Hierdie vakansiekursusse was steeds 'n kenmerk van die opleiding van natuurlike-leerkragte, aangesien hulle 'n neiging getoon het om verder agteruit te gaan as hierdie leiding nie van tyd tot tyd verskaf is nie.

Die nie-blanke sendelingskole was feitlik net van nie-blanke leerkragte afhanklik en dit was verblydend dat daar jaarliks steeds meer nie-blankes opleiding ontvang het.

Dit was ewe-eens verblydend dat die meidjies in 1916 ook die begeerte getoon het om opgelei te word en onder Father Hill te Rosettenville is daar dan ook met industriële opleiding 'n aanvang gemaak.

92. Derde verslag van die Onderwysraad. T.O.D. Jaarverslag 1914, 39.

93. T.O.D. Jaarverslag 1914, 39.

94. Ibid 1916, 55.

Aangesien die nie-blanke onderwysers(esse) 'n sterk neiging getoon het om meganies in hul metodes en werkwyses te wees, was dit noodsaaklik dat blankes as skoolhoofde aangestel moes word.

Die Duitse sendelingopleidingsinrigtings is ten gevolge van die Eerste Wêreldoorlog in 1916 gesluit.

In 1917 was daar 96 opgeleide, 246 voorlopig-opgeleide en 273 onopgeleide naturelle-onderwysers. Toe was daar ook 56 blanke leerkrigte aan die skole verbonde. Die Transvaalse Onderwysdepartement het die drie⁹⁵ opleidingsinrigtings geldelik so mildelik moontlik gesteun, aangesien die welslae van veral die opvoeding van nie-blankes van die opleiding van hulle leerkrigte afhanklik was. In Desember 1917 was daar reeds 253 nie-blanke studente wat opleiding ontvang het. In 1918 het die inskrywing op 290 gestaan en Adamson het soos volg van die drie opleidingsinrigtings melding gemaak:

"They continue to do excellently."⁹⁶

Die opleiding van naturelle moes egter gedurig aandag geniet want:

"..... the effects of training quickly evaporate in the primitive environment."⁹⁷

Die tekort aan opgeleide leerkrigte is veroorsaak deur die geringe aantal kandidate wat die toelatings-eksamen geskryf het en gepaardgaande hiermee die hoë koste wat die opleiding meegebring het.

Voorts is gemeen dat daar nie slegs één onderwyserssertifikaat⁹⁸ moes wees nie. Dit sou 'n aanmoediging gewees het indien daar vir naturelle, soos vir

95. Kilnerton, Lemana, Pietersburg.

96. T.O.D. Jaarverslag 1918, 49.

97. Ibid 1918, 49.

98. Inspekteur Achterberg: T.O.D. Jaarverslag 1921, 49.

blankes, 'n derde-, 'n tweede- en 'n eersteklassertifikaat verwerf kon word.

In 1921 is die Lemana-opleidingsinrigting na Elim oorgeplaas waar die Sweedse Sendelingkerk sowat £10,000 aan opleidingsgeriewe bestee het.

In 1922 was daar reeds 31,824 leerlinge en 346 opgeleide, 119 voorlopigopgeleide en 486 onopgeleide leerkrigte aan die 393 sendelingskole verbonde. Hierdie personeel is deur die volgende blanke leerkrigte bygestaan: Vir naaldwerk 47, handearbeid 7, 19 skoolhoofde en 15 assistente.

In 1922 het die eerste staatsbeheerde naturelle-skool te Klipspruitlokasie met 'n inskrywing van 500 leerlinge en 11 leerkrigte tot stand gekom.

9. KRITIESE BESKOUIING.

As ons die rol bestudeer wat Adamson gespeel het in die verbetering van die status, opleiding, besoldiging en diensvoorwaardes van die onderwyspersoneel dan moet ons erken dat hy 'n belangrike bydrae tot die bevordering daarvan gelewer het.

Die opleiding wat hy vir onderwysers voorgeskryf het, berus op gesonde akademiese en beroepsgronde.⁹⁹ Ons moet met hom saamstem waar hy aan die opleiding van die onderwyspersoneel 'n belangrike plek toeken vir die welslae van enige stelsel van opvoeding en onderwys.

"A system may be broadly and liberally conceived, and effectively organized, both from the point of view of facilities and content, but it will depend on the teaching staff whether these factors, so to say, lead to fruition..... the highest attainments both on the academic or general and on the professional side

99. Adamson: Educational Adaptations in a Changing Society, 274. (Malherbe)

should be sought, if the State is to get an adequate return for the sums expended on public education, in the form of a high-principled, cultured, and efficient population."¹⁰⁰

Adamson het 'n deeglike onderwysersopleiding as noodsaaklik beskou en daarom moes die opleidingsinrigtings 'n hoë peil handhaaf:

"..... there is no institution which can adequately train men and women for this profession save one of University rank."¹⁰¹

In sy ampstermyn het die persentasie opgeleide leerkragte van 61.2 tot 82.8 vermeerder: die verhouding tussen mans en vrouens was in 1924 eweredig, terwyl die onderwyspersoneel van 1,234 tot 5,149 vermeerder het.

Die hoë opleidingspeil wat Adamson daargestel het is ook deur die Onderwyskommissie aanbeveel:

"The education system of the Province must become a living part of the community's activities. It is the teacher who must be the chief factor in securing that aim."¹⁰²

Om hierdie doel te verwesenlik het Adamson gereeld die belangrikheid van beter diensvoorwaardes beklemtoon. Sy opvolger het getuig dat die gehalte van die onderwyspersoneel vir hom die hoeksteen van die onderwysstelsel was.¹⁰³

Hierdie getuienis is deur 'n opvoedkundige van naam soos volg saamgevat:

"Sy invloed het sig egter veral laat voel op die gebied van die onderwysersopleiding."¹⁰⁴

100. T.O.D. Jaarverslag 1918, 32.

101. Adamson: Educational Adaptations in a Changing Society, 274 (E.G. Malherbe)

102. Verslag van die Onderwyskommissie (1920), 50.

103. Scott: T.O.D. Jaarverslag 1924, 6.

104. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 168.